OLD MUTUAL SUPERFUND

**Wat beteken tweepot?**

TWO-POT RETIREMENT SYSTEM

Vanaf 1 September 2024 sal jou toekomstige aftreefondsbydraes in drie potte verdeel word. Hierdie potte word die Spaarpot, Aftreepot en die Gevestigde Pot genoem. Een derde van jou bydrae sal na die Spaarpot gaan, en twee derdes daarvan sal na jou Aftreepot gaan. Al jou aftreespaargeld wat jy tot 31 Augustus 2024 gespaar het, sal na jou Gevestigde Pot gaan. Kliek hier vir 'n gedetailleerde opsomming van hoe die verdeling tussen die potte sal werk.

**Jou totale aftreespaargeld = jou Spaarpot + Aftreepot + Gevestigde Pot**

## Hoe werk aanvangskapitaal en wie kwalifiseer om geld te onttrek sodra die stelsel geïmplementeer is?

10% van jou totale aftreespaargeld op 31 Augustus, tot 'n maksimum van R30 000, sal na jou Spaarpot oorgedra word. Dit word aanvangskapitaal genoem. Hierdie bedrag is bedoel om jou openingsaldo in jou Spaarpot te wees waaruit jy geld kan onttrek. Dis belangrik om te weet hoewel die tweepotwetgewing op 1 September 2024 in werking tree, lede nie onmiddellik geld uit hulle Spaarpot sal kan onttrek nie. Dit is omdat stelsels eers bygewerk sal moet word om die aanvangskapitaal en onttrekkings te verwerk.

Kom ons kyk nou na die onderstaande voorbeelde om die kwalifiseringskriteria beter te verstaan en hoe om onttrekkings uit die Spaarpot te maak.

| | Mike | Monica | Mpho |
|---|---|---|---|
| **Aftreespaargeldsaldo op 31 Augustus 2024** | R15 000 | R25 000 | R600 000 |
| **Aaanvangskapitaalbedrag oorgedra na Spaarpot** | R1 500 | R2 500 | R30 000 |
| **Mag hulle onttrekkings uit hulle Spaarpot maak?** | Nee | Ja | Ja |
| **Waarom kry Mpho slegs R30 000 in haar Spaarpot wanneer 10% van die saldo van haar aftreespaargeld R60 000 is?** | 10% van Mpho se totale aftreespaargeld op 31 Augustus, **tot 'n maksimum van 'R30,000'** sal na haar Spaarpot oorgedra word. Dit word aanvangskapitaal genoem. Dit is om haar in staat te stel om 'n aanvanklike onttrekking uit die Spaarpot te maak sodra die stelsel dit toelaat. | | |
| **Waarom kan Mike nie nou 'n onttrekking uit die Spaarpot maak nie?** | Die minimum onttrekking is ongelukkig R2 000 en Mike het minder as hierdie bedrag. Dit beteken hy kan **nog nie** geld onttrek nie.<br><br>Vanaf 1 September sal een derde van elke bydrae tot sy aftreespaargeld na Mike se Spaarpot en twee derdes na sy Aftreepot gaan. Dit beteken sy potte sal met verloop van tyd groei. Ná 'n ruk sal sy Spaarpot die minimum van R2 000 verbysteek wat hy benodig om vir 'n onttrekking te kwalifiseer. Sou hy daarná 'n finansiële noodgeval ondervind, mag hy geld uit die Spaarpot onttrek. | | |
| **Hoe sal elkeen van hulle belas word wanneer hulle geld uit hulle Spaarpot onttrek?** | **Mike, Monica, en Mpho sal almal teen hulle marginale koers belas word indien hulle geld uit hulle Spaarpot onttrek.** Kliek hier om te sien wat dit beteken. **Onthou, in elke belastingjaar (1 Maart-28/29 Februarie) mag hulle slegs een maal geld uit hulle Spaarpot onttrek.** | | |
| **Waarheen kan elkeen van hulle gaan om geld uit hulle Spaarpot te onttrekl?** | Hulle kan Old Mutual se Spaarpotonttrekkingsberekenaar vir die volgende gebruik:<br>- Om te kyk na 'n beraming van die bedrag waarvoor hulle kwalifiseer om te onttrek<br>- Om te kyk na 'n beraming van hulle belastingaftrekking wanneer hulle geld onttrek<br>- Om meer uit te vind oor die tweepotaftreestelsel<br>- Daar is 'n **tweepottransaksiefooi van R250** per Spaarpotonttrekking<br><br>**Let wel:** Lede kan geld uit hulle Spaarpot onttrek met behulp van Old Mutual WhatsApp, Web en App sodra ons die nuwe vermoë om te onttrek beskikbaar gestel het.<br><br>Lees meer oor die WhatsApp-Spaarpotonttrekkingsberekenaar in<br>English \| IsiXhosa \| IsiZulu \| Afrikaans \| Sesotho \| Sepedi | | |

Besoek ons webwerf indien u enige vrae het
www.oldmutual.co.za/two-pot-retirement-system

OLDMUTUAL

DO GREAT THINGS EVERY DAY

Old Mutual Life Assurance Company (SA) Limited is a licensed FSP and Life Insurer.